3. Die verlamde man

Matt 9:1-8, Mark 2:3-12, Luk 5:18-26

VERWELKOMING: 5 MIN

YSBREKER: 25 MIN

- Hardloop resies sonder om jou bene te gebruik, slegs hande. Bespreek hoe uitputtend dit was.
- Wat dink julle is die moeilikste: om verlam te wees, blind te wees of doof te wees?

AANBIDDING: 5 MIN

Laat een persoon die volgende lees terwyl almal biddend luister.

"Die wat hulle hoop op die Here stel, sal hulle krag terugkry.
Hulle vlieg soos arende.
Hulle sal hardloop en nie moeg word nie.
Hulle sal loop en nooit vermoeid word nie."
Jesaja 40:31

BYBELSTUDIE: 25 MIN

Lees Matt 9:1-8, Mark 2:3-12, Luk 5:18-26

- Wat is die 2 struikelblokke in die man se lewe?
- Wat is vir jou die belangrikste: liggaamlike genesing of vergifnis? Hoekom?
- Wat is die regte balans tussen fokus op my fisiese en fokus op my geestelike? Wat kan jy doen om beter balans te kry?
- Is vergifnis vir jou moeilik? Bespreek.

DIENSWERK: 15 MIN

Bespreek hoe jy die week van jou laste gaan afstand doen. Vergewe jouself en die wat teen jou te nagekom het.

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Jy weet watter laste in jou pad staan. Maak tyd vir stilgebed waar jy jou laste opdra aan die Here as ook die mense wat jy moet vergewe of vergifnis moet van vra.

ADMINISTRASIE: **5 MIN**